Publication: Son (Boland/Weskus)
Date: Wednesday, May 26, 2021
Page: 3

# Khoisan sit voet neer oor blyplek

## GRONDBESETTERS SKOP VAS EN GAAN LÊ OP N2

BOHEMIA JUMATT
Bohemia.Jumatt@son.co.za

**GRABOUW. – Lede van die Khoisan-stam het gister 'n geveg opgesit toe hulle geforseer is om pad te gee vanaf 'n stuk grond wat hulle onwettig beset het.**

Dié grond in Grabouw is laas jaar beset nadat die Khoisan-leiers besluit het hul mense het genoeg geswerf. Dié stuk grond word Knoflokskraal genoem.

SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

Toe die balju en Metro City Protection op die sowat 360 huisgesinne toesak, het hulle geweier om pad te gee.

Hulle het sover gegaan om hulself op die N2-snelweg plat te gooi en tyres aan die brand te steek.

Volgens Mark Matthews, voorsitter van die Grabouw-Khoisan-raad, is die saak nog in die Kaapse hooggeregshof aan die gang.

Hulle het tot 17 Mei tyd gehad om die interdik stop te sit.

Op daai dag het die balju 'n besoek aan die grondbesetters afgelê.

Hulle kon toe daarin slaag om die uitsetting stop te sit, sê Matthews.

Hy vertel: "Ons prokureurs het met die staat se prokureurs ontmoet en hulle het tot 'n ooreenkoms gekom om geen hokke af te breek nie. Die saak is tot Augustusmaand uitgestel.

"Toe ons vanoggend (gister) wakker skrik, was ons in vir 'n surprise, want toe is hulle besig om hokke af te breek.

"Ons het voorheen ooreengekom dat leë strukture afgebreek sal word en daar sal nie meer nuwe strukture opgesit word nie.

"Steeds het hulle voortgegaan om 'n plek af te breek met furniture in waarin 'n gesin gewoon het.

### Traangas

"Dít het die mense woedend gemaak en dis toe dat hulle besluit het om in die pad te gaan sit."

Volgens Matthews is hulle met rubberkoeëls en traangas geskiet. Hy is ook in die proses beseer, sê hy.

Toe *Son* Matthews kontak, was hy en ander leiers by die Grabouw-polisiestasie, waar vier van hul leiers vir oproerigheid gearresteer is.

Hy verduidelik: "Hulle is alreeds aangekla en ons probeer nou om hulle uit te kry.

"Ons dink hulle gaan op 'n waarskuwing vrygelaat word."

### Kanse

Isabel Bailey, gemeenskapsleier, sê daar moet aksie geneem word om die uitsettings stop te sit."

Bailey vaar uit: "Die tonnel moet geblok word. Op dié manier sal hulle móét stop!

"Dis mos nou kanse wat hulle vat en ál die Khoisanleiers is opgesluit. Ons wil hulle uit hê!"


> "Die tonnel moet geblok word. Só sal hulle móét stop!"

Jandré Bakker, woordvoerder vir die Wes-Kaapse departement van vervoer en openbare werke, het aan *Son* bevestig die N2-snelweg was gistermiddag laat nog gesluit weens die betrokke protesaksie.

Patricia de Lille, nasionale minister van openbare werke en infrastruktuur, het onlangs by 'n besoek aan die inwoners gevra die hofsaak moet gerespekteer word.



**GEREED:** Die cops gebruik rubberkoeëls en traangas om die skare te probeer beheer.



**KOM SAAM:** Lede van die polisie se openbare orde op die toneel waar die oproer uitgebreek het. FOTO'S VERSKAF




**AFGESPER:** Die pad is ontoeganklik waar die rook draai by die protesaksie.



**DRASTIESE STAPPE:** Hier sper lede van die polisie ook die paaie af om motoriste teen die betoging te beskerm.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.